# Die ryk man en JaHshua

## Inhoudsopgawe


**Deel 1** Die ryk man op sy weg deur die oog van ‘n naald

**Deel 2** Die Verbondsteken aan Noag

**Deel 3** 7 Stappe omhoog tot volheid in Jahshua

**Deel 4** Geloofstryd

**Deel 5** Verwag My


## Deel 1

## Die ryk man op sy weg deur die oog van ‘n naald

### *Aan Johan deur die innerlike Woord op 26/4/09*

**1Kor 1:27** *maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam;*
**1Kor 1:28** *en wat onedel is by die wêreld en wat verag is, het God uitverkies, en wat niks is nie, om wat iets is, tot niet te maak,*
**1Kor 1:30** *Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.*

### *Op 3/5/09*

Die houding wat Liefde is, is Krag uit die Hoogte, dan is julle positief besig om Barmhartigheid toe te pas vir mekaar, en so groei die nederigheid in julle, en My Gees word al hoe sterker. Wat nog gebeur, julle gelate begin te skyn, want dit is Lig en almal sien My in julle en hoe die Liefde straal. Die gevoel gebeur wanneer Geduld en kalmte in die gemoed teenwoordig is en toegepas word.

**1Kor 3:7** *So is dan hy wat plant of hy wat natmaak, niks nie, maar God wat laat groei.*
**1Kor 3:8** *Maar hy wat plant en hy wat natmaak, is een, maar elkeen sal sy eie loon volgens sy eie arbeid ontvang.*

Ek, Jahweh met Liefde. Amein.

Hoe en wat wil jy/julle bereik sonder liefde met eie krag? Is dit materie of Mammon?

Wel, met dié liefdelose houding sal julle dit spoedig regkry! Nou hoor Ek: Maar ons het ‘liefde’, ons ‘haat‘ nie, wat het ons verkeerd gedoen? Ek antwoord: Ja, julle het Liefde en dit is eieliefde en as iemand dit sou durf waag om aan enigiets van julle te raak, sal julle daardie persoon met haat hanteer, want die hoogmoed laat dit toe.

Sê nou verder waar pas Ek in die prentjie in? Ongelukkig nêrens, want Ek is net onder bespreking wanneer dit julle pas. Onder sulke omstandighede onttrek Ek en keer eers weer terug wanneer Liefde en nederigheid seëvier.

Ek, Jahweh, wat Liefde is. Amein.

### *Op 4/5/09*

**1Kor 3:12** *En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels*--

**1Kor 3:13** *elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is.*

Die fondament is niemand anders as Ek, JaHshua, nie. Julle is almal baie welkom om te kom bou (lewe) op die stewige, ewige fondament wat nooit deur boosheid oorwin sal word nie.

Die boumateriaal is al julle werke waarvoor julle loon sal ontvang. Julle moet al julle bose werke staak en dit kom regmaak – om vergewing daarvoor kom vra, sodat die Lig in julle kan begin skyn. Gaan dan heen en sondig nie meer nie, want dan kom die boosheid sewe maal sterker terug, en julle kruisig My weer van voor af, want dan was My Bloed nie goed genoeg gewees nie!

Die Liefde, kalmte en nederigheid is alles kwaliteite vir ‘n baie beter lewe waar dit helder dag is en geen donker kan standhou nie. Onthou, Ek dwing niemand nie en Ek raak ook nie aan jou vrye wil nie, want julle is die kroon van My skepping en Ek is lief vir julle met ‘n onmeetlike Liefde.

Ek, JaHshua, met Liefde. Amein.

## Deel 2

# Die Verbondsteken aan Noag

*Deur JaHshua aan Nalize gedikteer op 3/02/2009*

Noag is jy (elkeen), die regskapene wat My uit liefde, in oorgawe dien. Hy is ‘n Man van Elohim, dus van Krag, wat op uitvoering van My bevele met hartstog wag. Deursettingsvermoë sal hom na redding en behoud lei, want in geloof volg hy My blindelings, soos ‘n kind, maar nie sonder die kruisiging van homself, sy wil, tyd en lewe nie. Ek laat hom nooit alleen nie en deur sy pogings tot gehoorsaamheid heers hy met My krag en só word hy wys. Lê af elke sonde en kwelling soos Noag en die watervloed sal jou nie skaad nie.

Op Mý tyd het hy gehoor gegee aan My stem wat ander onder sy vleuels laat inkom het. Die ander het bestaan uit onderdane van My Ryk, wat gevolg het, maar My stem in hulle binneste nie gevind het nie, as gevolg van ‘n tekort aan vurige liefde vir My, hulle Maker. Nét Liefde vir My open die ore van die ingebore gees om die Gees wat alomteenwoordig is, waar te neem. Ek is Liefde. Amein.

Wanneer die paar suiwer diere, naamlik die Wysheid en Krag van elke persoon deur die Liefde ingang in die ark van versoening vind, word hulle geestelik gevoed en versorg deur die geestelike leier wat Ek oor hulle aanstel, omdat die tekort aan liefde hulle nog nie toelaat om direk onder My gesag te lewe nie. Hierin lê die sieleleer opgesluit.

Wanneer die beskutte bestaan in die gees vir hulle ‘n lewenswyse word, sal die vloed toegelaat word om oor hulle te spoel en so hulle laaste eienskappe af te rond, waaruit volmaakte liefde vloei. Die tyd sal deur My, hulle Maker bepaal word en geeneen sal sonder sorg gelaat word of bo sy kragte beproef word nie.

Die vloedtydperk is ‘n suiwering vir die gees, van die invloede van die omringende wêreld, waaronder vleeslike gemak en heerssug ontneem word deur vernedering. As daar in hierdie staat oorgegaan word na nederige liefde teenoor My en die naaste sal die einde van die vloed spoedig in sig wees, waarna Ek, die Rots, die bergvesting sigbaar sal wees as nuwe basis of Bron. Die duif word uitgestuur en dit is die gees wat soekende raak na die Gees van Elohim. Dit word beantwoord deur lewende geloof as olyftakkie wat terugkeer en die wese vervul met Liefde. Die 40 dae is die woestyntyd van die Mens en die 3 dae (*verwysend na die 3 voëls se vlugte, dus ook verwysend na kneg-, kind- en vrou-verwantskap teenoor Jahshua*), die van opstanding.

Ek rig met hierdie wese wat kaalvoet op My, die Rots, uitklim ‘n ewige verbond op van My nabyheid en geestelike beskerming. Nooit sal Ek weer daardie wese se aarde deur water vernietig nie, want sy aarde is nou Ek, alleen. Die teken van die wese se oorgang na die wedergebore staat is dan die reënboog, wat op sy eie die sewe geeste verbeeld deur die sewe volmaakte kleure:

1. **Rooi** vir **Liefde,**
2. **Oranje** vir **Vrolikheid van hart** en die **Gees van Barmhartigheid,**
3. **Geel** vir **Lankmoedigheid en Uithouvermoë** en die **Gees van die Werksame Wil,**
4. **Groen** vir **Geloof** en die **Gees van Erns,**
5. **Blou** vir **Vrede** en die **Gees van Wysheid,**
6. **Indigo** vir **Vriendelikheid, sag uitgestraal na ander** en die **Gees van Orde**
7. **Violet** vir **Geduld.**

Ek omvat al hierdie en nog meer, maar dit bly die beginsels vir My twee groot wette van Liefde en vergestalt die nuwe lewe van die wedergebore wese in My. Amein. EK IS ewig en bereikbaar. Amein.

## Deel 3

# 7 Stappe omhoog tot volheid in Jahshua

*Deur JaHshua aan Nalize gedikteer op 2/4/2009*

***1 Toegewydheid***

My geliefdes, vandag spreek Ek met julle oor toegewydheid aan My en My Woord.

As jy My Woord jou eie gemaak het, sal Vrede stand hou in jou in alle gevalle wat jy daarmee te doen kry. Die stem of Liefde in jou binneste sal die ander liefdesuitinge herken en jy sal bewus raak van die meer of mindere of gelyke vlakke van Liefde waaruit die geskrewe werke gevorm is. Liefde herken mos Liefde. Om hierdie rede wil Ek julle aanspoor om al My skrywers aan te neem nadat jy oorleg met My, die Liefde, in jou hart gepleeg het, want EK IS in elkeen en dalk net versluier in ‘n mindere of meerdere mate, maar jy sal My herken as jy in My is. Laat die groter mate van Liefde in skrywes jou aanspoor tot gehoorsaamheid, diensbaarheid en Barmhartigheid en laat die kleiner mate van Liefde jou aanspoor tot verwerkliking van Ligdraerskap. Moet egter nooit neersien op iemand nie, maar hef jou oë omhoog en sien die groter prentjie. Sien dieselfde siel se pad na bekering tot waardige mens, soos Ek hom of haar geskape het om te wees na My Beeld.

Ek is suiwer en hierdie suiwerheid is verseker in jou, sodra die lastige ontwaak en tot insigte van Lig kom. Weerhou jou van naywer en ywer net om My as erfdeel te verkry. Bly bedag daarop dat niemand jou vrede steel nie, maar vind My dan in jou soeke na Geregtigheid, Liefde en Krag – Dit is dus ook in Wysheid, Lewe en eenvoud.

Hierdie drie – Wysheid, Lewe en eenvoud is die Kern van menslike ontwikkeling en die toppunt van aardse groei. Ná hierdie groei lê daar nog baie in vooruitsig, maar EK IS Lewe en daarom ook jou Wysheid en dít is eenvoud, want beide het jy dan IN jou. Niks is uiterlik en onvanpas in enige oomblik, maar op sy plek, volgens korrekte tydsberekening afgevuur op My teiken van Liefde.

Wysheid bevind haar in die setel van die hart, dáár waar die Mens woonagtig is. Die Liefde ontsluit haar as die Liefde Lewe en daarmee sal alles tot stand kom in die Lig. Niks sal egter verbeteringe vra, daarom net in eenvoud gevorm word, soos Ek dit Wil. Só handel jy in My. Alles deur jou kan dan groei in My Lig en Lewende Water, omdat die basis van Skepping só korrekte fondasies het om gesond te ontwikkel.

Al My Liefde plaas Ek dan deur jou in die nuwe wese, hetsy Woord, gedagte, skepping of diens en só beleef jy vervulling in die samewerking met jou daad.

Laat elke uiting van jou kant dus geskoei wees op jou hart se volle liefdesvaardigheid en jy sal vreugde en vervulling van die sewe geeste daarin vind en ver wees van ‘n grief uit My. Laat My Liefde Lewe ín jou! Amein.

Nóg is die onderrig nie verby nie. Ek bemoei My met julle, omdat julle laaste oogwink-kans aangebreek het. Ek wil verseker dat julle deur My by magte is om Ons werk te doen en daarom skerp Ek julle op om julle harte meer en meer te verlig. Kom aan, die tyd stap vir julle aan! Is jy op die trappie waarop Ek uitbrei gereed? Kan jy met verwagting uitsien na die nuwe trappie wat Ek bespreek? Kan jy dít dan ook, sonder bande bestyg met die wete dat jy

vry is om die leer na die hemele in jou, onder My begeleiding te bestyg?

### *2 Geloof in My Woord*

Die volgende vlak se werk lê in die Geloof in My Woord. Sonder geloof is jou huis op sand gebou en kan enige wind jou omwaai. Sonder geloof is jou huwelik met My 'n vergete gedagte, verwaai deur tyd. Sonder geloof is jou hart onbetrokke in jou dade, omdat jou reinheid, vrede en liefde dan geen rugsteun het nie. Jy wérk dan vir niks en het nie 'n doelwit as bemoediging of aansporing nie. Niks is duidelik in ongeloof nie en jy verraai jou aardse bestaan deur nie geloofwaardig te handel nie.

Wáár in die heelal sal jy geloof moet toepas, soos op die aarde? Dus: Een maal is jou kans beskikbaar om jou geloof te ontwikkel deur jou hemelhuis op die Rots te grondves. Hou vas en Ek kom ook vir jou. Amein.

Nêrens is meer lig te vind tussen mense as juis by die gelowige nie. Waarom? Want die gelowige se Bron van bemoediging, 'flinkdink-aksies' en waardesisteem is LEWEND. Dit is vol seën en rein, soos 'n massiewe waterval. Gaan staan vir 'n oomblik in die Lig van 'n gelowige en jy kan byna LIEFDE verwoord. Waarom weereens? Want Ek is standhoudend en die Lig wat uit 'n gelowige straal. Glo jy My? Het jy vertroue in My Woord dat jy deur die loop van tyd My blý raadpleeg of die standhoudendheid van My Woord?

Berei jouself voor vir verdere ontwikkeling op die Rots deur jou basis helder voor oë te hou. Is jou doelwit duidelik? Weet jy waarom en waarheen jy werk? Probeer jy dit lewend en helder hou deur jou doelwit, saam met jou geestelike groei daagliks te vernuwe in besprekings met My?

Ek wil jou verlig. Kom na My in volle geloof dat wat jy nóú hoor, weereens vordering en arbeid inhou? Ek sál jou aanhoor, antwoord, bystaan, versterk en help vorder – WIL net glo en aanhou. Amein. Jou Liefdevolle Vader, Vriend en Man.

### *3 Tyd*

My Woord is Alles. Dit is die Oerbron, maar ook die Begin van elke nuwe Begin. Staan jy daarom vas om te vernuwe saam met elke gedagte waarmee Ek jou laat vorder? Is die werke wat spruit uit jou geloof in My Woord dus lewend? EK IS lewend en deel jou met tyd. Is jy geheilig aan My om jou tyd Goddelik te verwyl, dus in My Wil te handel? EK IS die Een wat jou help om tree vir tree tyd se Meester te word. Tyd is onderdanig aan Ons in die Gees, want dit het slegs 'n invloed op materie. Tyd is 'n enkelbegrip en alle Geestelike is saamgesteld. Dus het alle bestaande, verhewe bo materie-wese 'n sê op tyd. Jou volgende opdrag híér en in die hiernamaals is dus geskoei op jou houvas op tyd. Is jy onderdanig aan tyd, is jy 'n enkelvoudige wese, wat Liefde op beperkte horisonne of vlakke uitleef. Is jy egter verhewe bo tyd deur Eenheid met My, is jy Meester van alles wat beperkend handel in die Liefde. Amein.

### *4 Leeromgewings*

*3/4/2009*

My geliefdes, die volgende vlak waarop Ons uitbrei tot vervolmaking, is die wete dat Ek voorsien: Ek dra die las van elk' verlore seun en weet wat om op sy pad te stuur sodat hy My sal erken en vind. Jyself kan dus niks oor iemand bring, sonder My Wil nie, want dan gryp jy in en nie Ek nie. Ek voorsien in tydigheid en ontydigheid die kern van Liefde se oorsake, want alleen Ek kan heiligheid bewerk as die verlorene dit aanneem.

Ek wil dat elkeen van julle besef hoe om My werk in en oor jou waar te neem. Ek wil dat julle dus My Hand erken en herken, sodat julle nederig kan word en bly in die Liefde, soos almal met wie Ek werk. Niks is te eenvoudig of onbelangrik vir My om My mee te bemoei nie – laat dit ook só wees vir jou. Ek voorsien in leeromgewings en lesse vir elkeen om homself in My te verbeter. Ek is die skool, die onderwyser, die leerstof, die voorbeeld en die Liefde in die Proses. Amein.

### *5 Verstandsaflegging*

*5/4/2009*

Die volgende vlak wat alle verstand te bowe gaan, is die verstandsaflegging in die Liefde. Die Liefde het geskape, voltooide werke met eie wil, sodat die verstand kan parte speel met die hart. Wanneer dié twee verenig, is die pool van vereniging die beste spreker vir die skepping se toekoms. Die pool wat die verste van My staan, naamlik die verstand, is maklik hard, ongenaakbaar, geregtig-georiënteerd en wyk van die smal roete af deur selfregverdiging en self-opgelegde verantwoordelikhede. Die pool naaste aan My, naamlik die hart, spreek uit My met die wil-georiënteerde wese. As elke Woord aangehoor en ondersteun word, deur die verstand met Wysheid van Bo te betrek, dan sal die wese van die Mens, soos dit bedoel is om geskape te wees, gestalte vind in die skepping.

Ek roep julle nou om die hart tot My beskikking te laat te midde van ywer en werksdoelwitte, dat jy My kan hóór. Ek praat wel, maar jy luister nie sommer nie. Hou net aan probeer en moenie hiermee tou opgooi nie, want as jy moed opgee daarin om My stem te herken, sal jy ook wil moed opgee in verowering van die geestesliggaam wat Ek in jou wil ontbloot. Aan My is dit reeds duidelik, maar ook aan die mede-oorwinnaars sal hierdie liggaam duidelik raak as jy bly volhard. Volhard tot die einde en Ons sal oorwin. Amein.

***6 Wil***

'Alles is gegraveer in My Hand.' Die geestelike hiervan dui aan dat alles in My Liefde en Wil begin is en dat dit vasstaan tot in ewigheid. My Wil strek verby elke sondige gedagte of daad en daarom kan geen só 'n negatiwiteit vernietiging van 'n bestaande werk bewerk nie. Ek verlos van die bande van die negatiewe optrede, maar Ek vernietig nie. In die volkome wedergebore staat kan jy dus WIL om te verbreek, maar nie om te vernietig nie. Jy kan WIL om te verlos en te verbly, maar nie om te verdoem nie. Jy kan iets of iemand in 'n ander ruimte instuur, maar jy kan dit nie verwens nie. Besef die mag van jou WIL en jy sal besef hoe Ek My Krag in jou vermeerder, soos wat jou WIL in Myne opgaan. Jou woorde en WIL 'word' Myne deur jou toewyding en oefening daarin, dit word jou nie net gegee nie. Dít is om Wysheid op te neem in My Liefde. Ek wil dat julle My vergestalt, maar daarom WIL Ek dat julle ywer om dit reg te kry. Niemand kan daarom vir die ander instaan, want jou vuur/liefde lê in jou tong. Waarheen neig jou tong, of anders gestel, waarheen openbaar jy neig jou Liefde – na My of die Bose se kant, dus vryspreking of kluistering. Amein.

***7 Veredeling***

Watter pad kies jy? Ek het gespreek en jou geleer van toewyding, geloof, tyd, onderrig, verstands-verbreking, WIL en nou ten laaste veredeling: Waar wil jy My vind anders as in jouself? Hoe wil jy My daar vind? As onuitputlike Krag- en LiefdesBron of as onderdanige Vriend? Wat gaan jy dan as heenkome kies wanneer jou liggaam of omstandighede jou in die steek laat? Ek wil jou nooit in die steek laat nie, daarom vra Ek dat jy fokus op jou afhanklikheid aan My. Dít is edel. Edel is die Volk deur My Hand uitverkies. Dus – edel is die volk wat deur My Liefde in bestaan geroep is en bymekaar gemaak is. Edel is die Hart wat Liefde verkies, dus: Edel is die gees wat die Gees volg en bemin. Edel is die Man wat hart aan hande bind – dus edel is die Mens in jou wat uit Liefde handel en skep. En: Edel is die Kind wat opgroei, net deur My Bloed verbind. Ook: Edel is die wedergeborene wat tot volle wasdom in die wedergeboorte kom deur My Liefde as enigste verwantskap en steun. Veredel jou deur afhanklikheid aan My en My Woord en jy sal volheid van die Gees in jou ontvang. Hou jou oë op My gerig en jy bly vry tot veredeling van jou Siel. Amein.

In hierdie sewe stappe wou Ek jou omhoog lei om tot volheid in My te keer. Amein. Ek bevry en wil julle met elke treë nader aan My trek, dus in julle rein harte in. Gló My en neem jou bed op en volg My na. Amein.

## Deel 4

# Geloofstryd

*Deur JaHshua aan Nalize gedikteer op 27/4/2009*

Die werk wat hierdie kneg bring, is gelouterde silwer en goud uit My mond, dus My Woord. Ek gee opdrag dat hierdie werke as waar aan My Volk voorgehou word, sodat hulle My

reeds vanaf Moederskoot kan vind.

Wees nie langsaam daarin om My Woord te aanvaar nie, want twee maal sal Ek nog klop, maar méér as dit is onnodig as jy klaar jou keuse gemaak het. As dit EK IS wat spreek, hoe gelukkig is die kneg wat Sy Meester se stem herken, want EK IS Barmhartig om hom in My Huis op te neem as kind en op te voed, sodat sy weë onberispelik verenig met Myne, Sy Huisheer, se weë. Wees gereed om te omvorm en Ek sal Pottebakker wees vir jou, klei. Amein.

Baie werk lê voor, het begin en is al ‘n geruime tyd aan die gang. Dit wat voorlê is die oorsaak van wat aangaan en verby is. Die geloofstryd is elkeen se rede vir bestaan in hierdie uur. Die geloofstryd is egter deurgaans aan die gang as stryd tussen hemelse en bose IN jou, maar daar kom ‘n tyd oor nie soveel jare, waarin alles in duie gaan stort vir elkeen wat nie vertrou nie. As jou geloof en vertroue op die Rots is, dán sal jy Waarheid hê om op te hoop, aan te glo en met ootmoed aan vas te hou. Jy sal verenig met die Bron van Lig en sonder wantroue die Lig ook uit jou laat skyn. Sien uit daarna om daardie mate van toets die hoof te bied, want jou hart is mos by My, sonder oordeel van dié wêreld. Amein.

Alles van hierdie wêreld is op ‘n end vir ieder en elk wat My in hulleself geopenbaar vind. Ek sal elkeen omhels, met Liefde, as My Wysheid vir hulle ‘n lewenswyse en Waarheid word. Is jy een van dié wat wonder waar om My só volkome te vind? Definitief eerste in die Skrif wat deur eeue se leiding van My Gees saamgestel is. Die ander geskrifte wat uitstaande is in die algemene Skrif is nie oorbodig of onnodig nie, maar eerder nóg dieper sleutels tot My ware Weg van Wysheid, Liefde en Krag.

Ek spoor jou aan leser, lees My Woord en die tyd is vir jou ook op ‘n end om deel van die wêreld en sy dinge te wees. Dit beteken nie dat wat jy om jou sien daadwerklik tot stilstand sal kom nie, maar wel dat Ek dit vir jou in jóú hemel en aarde tot stilstand sal bring. Kyk na al My knegte se Woorde in hierdie Lig en jy sal die Waarheid daarin vind. Laat die Bose gedood word vir jou, maar laat hulle nie die oorhand oor jou lewe kry deur vrees nie. Aanvalle sal daar wees, maar glo en bid vir My beskerming en jy sal onder die arend se vleuels bly vir ewige Lewe, Liefde en Vrede. Amein.

Hoop volkome op My Woord in jou en jy sal vind dat jy geen behae en lewe meer vind in die wêreld om jou nie. EK IN jou en alles wat deel vorm van My Wese om jou word jou Krag en Vreugde waarin jou Liefde onuitputlik raak. Soek nie ver nie, soek net in jou hart, waar sagtheid vir die Lewe bestaan – daar is My Gees woonagtig in jou. Amein.

Die volkome wedergeboorte ís in hierdie begrip vervat. As jy dit regkry om volkome oor te gee, sodat jou aardse bestaan ‘n hemelse bestaan word, totaal apart van alle wêreldse, kan jy met My verenig, totaal apart van alle materie. Laat My sleutel van Liefde die oorgang wees en vind My dan in alles rondom jou, omdat dit uit My voortgekom het. Ek is egter Gees en daarom sal jy My in al die Geestelike aspekte van alle bestaan vind. Dit sal vir jou ‘n nuwe wêreld wees wat oopgaan, die ware werklikheid van My Wese, omhul deur Barmhartigheid. Amein.

Die Sabbatsrus wat jy daagliks moet vind is hierdie weg van selfverloëning tot behaging van en ín My. EK IS volmaakte Liefde. Amein.

Laat die Liefde jou Lig wees en dít sal jou lei tot by vervolmaking van jou gees in My Gees vir ewig. Amein.

## Deel 5

# Verwag My

*Deur JaHshua aan Nalize gedikteer op 22/4/2009*

My geliefdes en My volk, hiermee rig Ek ‘n skrywe aan julle om julle te verseker dat Ek Myself aan julle sal openbaar op die regte tyd vir elkeen. Die geloof in die wete dat jy die Elohim/Godheid self beskou wanneer jy My sien, sal jou tot hoër geestelike sfere dryf. Ek sal aan elkeen die bewyse gee wat hy of sy nodig het om te weet dat Ek verskyn.

Die sleutels wat jou oë vir My teenwoordigheid sal open, is die sekerheid dat Liefde uit My oë

straal, die gevoel dat beskerming jou omvou, die wete dat Ek sterk werksaam is in nederigheid rondom jou en dat Ek die heelal deurkruis met My Woord of Gedagtes.

Maak seker dat jy gereed is om te aanvaar dat die EEN voor jou die Almagtige self in die Lewende lywe van Sy gekruisigde Seun is. Hierdie Seun is die enigste Weg tot die ware Lewe. As jy My herken tussen die andere rondom, sal jy geluksaligheid vind bo enige perke wat die aardse bied. Ek sal aan jou die poorte van die Hemele in jouself open dat jy inwoner van My ewige Ryk kan word. Hoop daarom daarop om My te herken, so spoedig soos wat Ek verskyn. Amein.

Alles wat jy op aarde onnodig vind, sal vir jou ‘n nuttelose taak word, maar alles wat jy dan in hemelse glans beskou sal die rede word vir Lewe. Ek sal deur jou begin lewe en jy sal My herken in almal wat dieselfde as jy beleef en bereik het. Ek sal met enkele woorde deur jou begin spreek om te onderrig, bemoedig of genees en jy sal die einde van jou ontelbare gawes nie ken nie. Die skatte uit die hemelryk sal jou vul, omdat jy dan verhewe sal wees bo die grense van materie. Ek, alleen, is in staat daartoe om hierdie vir jou te gee en daarom sal Ek spoedig My besoek aan jou volbring, want die uur van vleeslike nood is nou hier.

Dit volg op die geestelike nood wat nou verby is, want almal het uit hulle slaap ontwaak en besef dat slegs Ek die antwoord op alle nood is. Nou sal die vleeslike nood julle eers vir ‘n oomblik laat fokus op die waarde van ‘n Lewende Geloof in My en wanneer jy dan in vlees en gees versterk is, sal Ek die take op jou lê, wat jou verhewe bo tyd en materie sal maak. Bou aan jou geloof in My en versterk jou wapenrusting teen aanslae van ongeloof en wanpersepsies. Ek sal alles vir jou duidelik maak as jy na My kom met kwellings en vrae. Ek sal alles vir jou open, hoe meer jy bewus raak van tekortkominge rondom jou. Ek is Liefde en sal jou verras met die besef daarvan in alles as jy My alleen soek. Amein.